R.S.A. vertrek met span na Suidpool

DIE navorsingskip R.S.A. wou gisteraand uit sy nate bars toe hy met die Suidpoolspan en die Belgiese span na Antarktika vertrek het. Elke duim ruimte was gevul met voorrade vir die basis, vliegtuie en toerusting vir die navorsers.

Familie en vriende het mekaar verdring om afskeid te neem van die sestien Suid-Afrikaners wat vir 'n jaar na Sanae gaan.

Hierdie span sal die laaste wees wat in die hutte by Sanae sal bly. Die woonkwartiere is glo nou al so diep met lae ys bedek dat 'n nuwe „woonbuurt" vir aanstaande jaar se span opgerig sal moet word. Die houthuise sal in die loop van die jaar in Suid-Afrika vervaardig word en op die volgende vaart na die basis vervoer word.

Wanneer die R.S.A. in Maart in Kaapstad aankom, sal die span wat die afgelope jaar op die basis deurgebring het, op die skip wees.

Die span kan weekliks per radio briewe aan familielede versend en een keer per maand per radio regstreeks met hul familie praat.

BO: Die leiers van die onderskeie Suidpoolekspedisies wat gistermiddag met die RSA uit Kaapstad vertrek het. Hulle is van links af: Mnr. Danie Joubert, hofleier van die spanne; mnr. Dirk Neethling, leier van die afdeling van die somerekspedisie en dr. Tony Autenboer, leier van die Belgiese afdeling. ONDER: Só stuur 'n mens 'n skip tussen die ys deur, beduie Clive Senser, 'n 26-jarige bemanningslid van die RSA aan 'n mooi Durbanse aster kort voor die skip se vertrek Die meisie is Estelle Grobbelaar, wat spesiaal van Durban gereis het om haar broer, Johan, 'n radiotegnikus, af te sien.